



Performance Recording

“Getting it Right”

The term “rubbish in – rubbish out” is often used when discussing the BREEDPLAN analysis. In other words, the reliability of the Estimated Breeding Values (EBVs) that are produced is a direct reflection of the reliability (or quality) of the performance information that is submitted to BREEDPLAN.

This document outlines 10 of the most common issues that cause seedstock producers problems when performance recording with BREEDPLAN. Importantly, the steps that seedstock producers can take to avoid these problems are also detailed. Careful consideration of this information allows producers to take a large step towards ensuring that they are maximising the returns from their investment in performance recording.

Problem 1 – Inadequate Planning

The cause of a considerable number of performance recording problems stem back to inadequate planning (or inadequate priority) being given to the performance recording requirements of a seedstock herd.

In this scenario, little planning goes into the management of the herd so that the value of any collected performance data is not maximised. Herds will often not record the required performance, or will

record performance information in an ad hoc manner and in a lot of situations, performance information will only be collected following a letter from BREEDPLAN outlining submission deadlines for inclusion in GROUP BREEDPLAN analyses.

In layman’s terms, these herds may be classed as “reactive” or “casual” performance recorders.

Solutions

- Become a “proactive” performance recorder
- Incorporate the collection of performance information into the standard management of your herd.
- Plan data collection ahead of time
- Submit data to BREEDPLAN shortly after data collection

Problem 2 – Poor Recording of Recipient Dam Information

There are now a considerable number of seedstock producers using embryo transfer within their breeding program. While BREEDPLAN has the ability to analyse the performance of embryo transfer (ET) calves, inadequate recording of recipient dam information or use of recipient dams of different breeds often results in performance recording problems.

Importantly, the amount of information available on the recipient dam determines how BREEDPLAN uses the performance information of each ET calf.

(continue on p 24)



Vleis
Voeromset
Vrugbaarheid
Veldaanpasbaar
Versorging minimum



FN07 39

Bate geluk aan Willie Retief –
Zimzeni 207 CC met die aankoop
van FN07 39 vir R42 000-00. In
Pragtige Poena & Embrio koe.

FN07 11

Bate geluk aan Sas Oosthuizen met
die aankoop van FN07 11 op die
Performance Driven Veiling.



Vergesigte
Ile de France

Hal agterkante hou jou aan die voorkant!



Missie



Veldaangepaste, vrugbare Limousins wat met
minimum versorging en voergebruik die maksi-
mum verkoopbare vleis sal produseer wat aan die
hoë vereistes van die verbruiker sal voldoen.

Visie

Om die beste poenskop Limousins vir u daar te stel

Besoekers welkom!

Prestasi gedrewe



Solutions

- Use recipient dams that are all the same breed when running an ET program (BREEDPLAN will only directly compare the performance of ET calves that have been reared by recipient dams of the same breed).
- Ensure adequate recipient dam information is recorded with your Breed Society/Association for each ET calf (ie. tag no., specific breed and year of birth).
- Ideally, use “known” recipient dams. This includes recipient dams that have been used in previous ET programs or alternatively, stud cows that have Milk EBVs available.

Problem 3 – Unverified Outliers

As part of the on-going verification of the performance information that is collected, BREEDPLAN checks the variation in performance records between animals within each contemporary group. While a certain degree of variation is expected within each group, when the difference between a performance record for an animal and the average of all animals in that contemporary group is greater than expected, the record for the animal is flagged as an outlier.

Each time an “outlier” is identified, an outlier report is forwarded to the relevant herd. This report gives the breeder the opportunity to correct or verify the performance for the “outlier” animal. If BREEDPLAN receives no response to the outlier report, the outlier records are excluded from all future GROUP BREEDPLAN analyses.

Ignoring outlier reports is a common cause of performance recording problems.

Solutions

- Pay attention to all information that you receive from the BREEDPLAN office.
- Verify/correct all outlier reports as soon as you receive them in the mail. If you are in any doubt, contact your BREEDPLAN processor at ABRI for advice.

Problem 4 – Inadequate Recording of Important Traits

BREEDPLAN currently has the potential to produce up to 18 different EBVs on each particular animal. While an EBV must meet minimum accuracy criteria (and therefore, be of adequate reliability) before it will report, EBVs for some traits may appear for individual animals when minimal direct performance data recorded has been recorded for that trait.

Common examples include:

- No birth weight has been recorded but birth weight EBVs are reporting.
- Only a 200 day weight has been recorded but all weight EBVs are reporting.
- No 200 day weights have been recorded in a herd but Milk EBVs are reporting on all dams and sires.
- Only weight traits have been recorded but carcass EBVs (e.g. IMF%, EMA) are reporting.

While it is possible to generate “reliable” EBVs from

pedigree information and performance that has been recorded for correlated traits, generally speaking EBVs will be of lower reliability if animals haven’t been directly recorded for the trait.

Problems often occur when seedstock producers don’t adequately record the traits of importance to them and their clients.

Solutions

- Record all traits that are important to either you or your clients
- Do not rely on pedigree and minimal trait recording to generate EBVs.

Problem 5 – Poor Genetic Linkage

Genetic linkage across contemporary groups both within a herd and between different herds is of fundamental importance in allowing the generation of GROUP BREEDPLAN EBVs. Unfortunately, some common management practices can reduce genetic linkage significantly. More specifically, such management practices include:

- (i) Within herd
 - Completely replacing all sires from one joining season to the next.
 - Managing the calves from one sire differently to all other calves before recording any performance information.
 - Not mixing cows after joining.
 - All ET calves being by the same sire (and dam).
- (ii) Across herd
 - All sires used in the herd having no performance recorded progeny in any other herds (for a range of traits).
 - Managing the calves from one sire (AI) differently to others before recording traits.
 - AI calves in a herd being born at a separate time to those calves from natural matings.

Poor genetic linkage can cause significant performance recording problems.

Solutions

- Do not replace all sires from one year to the next so that across year comparisons can be made.
- Use sires that have progeny recorded for a range of traits in other herds.
- Mix cows after joining, particularly AI females.
- Manage calves by a range of sires together until after the key performance traits have been recorded
- In ET programs, try to have a range of sires represented
- Ensure calves from an AI program are born at a similar time to naturally conceived calves by your home bred sires

Problem 6 – Small Contemporary Groups

Although the BREEDPLAN analysis is a very complex analytical model, the basic mechanism by which it works is to directly compare the performance of an animal with the performance of other “similar” animals within the same contemporary group.

Devlan LIMOUSINS

Passion





Perseverance

Performance



For more information please contact John Devonport
on 083 454 3095 or visit www.devlan.co.za.

Frensh Limousine Sires available from Genimex



Name	Pedigree	Culling Rate	Type Growth	Fertility	Culling Ability	Adjusted Sire Index Incidence Score at Weaning	EBW	ECM	Genetic Potential	Historical Breeding Point	Health Disease Point	Beef Attributes Carcass Weight	Conformation	Milking-200 Data	Beef Ability	Specific Proof at Weaning	Proving Proof at Weaning	Maternal Index at Weaning
Buckhead	Perseus	83	117	91	98	149	918	112	98	118	91	89	110	117	180	122	94	118
Liberty	Beau	84	98	133	114	137	111	111	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108
Equinox	Beau	102	113	118	108	88	88	118	88	100	88	80	111	111	181	111	111	111
Cyrah	Perseus	108	107	81	114	152	114	108	104	91	101	98	98	101	98	101	101	101
Equinox	Perseus	101	117	88	111	100	104	108	98	91	98	98	98	100	98	101	101	101
Equinox	Perseus	81	118	118	118	100	118	108	108	118	108	118	118	118	128	118	118	118
Equinox	Perseus	101	108	88	108	105	110	108	101	88	88	88	108	114	81	118	108	108
Equinox	Perseus	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108
Equinox	Perseus	81	100	108	108	88	81	88	108	108	108	114	108	111	108	118	118	118
Equinox	Perseus	108	108	88	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108
Equinox	Perseus	86	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108
Equinox	Perseus	88	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108
Equinox	Perseus	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108
Equinox	Perseus	88	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108	108



Tel: 012 868 7343 / 7169 • Fax: 012 868 7345
 Email: chris@genimex.co.za • www.genimex.co.za

(continue from p24)

Where only a small number of animals are represented in a contemporary group, there are only a few “similar” animals to which it’s performance can be directly compared and thus the performance submitted for it can not be used effectively by the BREEDPLAN analysis.

Small contemporary groups are a problem frequently experienced by smaller herds and without careful management, can result in considerable performance recording problems.

Solutions

- Restrict calving periods. A calving period of 6 to 8 weeks is optimal.
- Run as many calves as possible under the same management conditions.
- Weigh all animals in a management group on the same day.
- If a management group has to be split, weigh all calves before splitting the group eg. all males before they are castrated.
- Create management groups based on “automatic” criteria eg sex, prior management groups, prior weigh dates.
- If you have a commercial herd of similar breed content to your stud animals, it may also be possible to record these animals with your relevant Breed Association/Society.
- In the situation where two herds run their animals together on the same property, set up an associate membership with BREEDPLAN.

Problem 7 – Single Sire Contemporary Groups

In the same way that it is important to have more than one calf represented in each contemporary group, it is also important to have the progeny from more than one sire represented within a contemporary group.

Where all calves in a contemporary group are by the same sire, there are no other calves by other sires to which the performance of these calves can be directly compared. In this manner, the performance submitted for those calves can not be used effectively by the BREEDPLAN analysis to calculate the EBVs of their sire.

Single sire contemporary groups are a problem that can be experienced by herds of all sizes and without careful management, can result in considerable performance recording problems.

Solutions

- Use more than one sire in each particular joining.
- Mix cows after joining.
- Consciously manage the herd so that more than one sire is represented in each contemporary group.

Problem 8 – Selective Performance Recording

Significant problems also arise when only a selection of animals in a contemporary group are performance recorded. For example, only the performance for the best animals in the contemporary group is submitted to BREEDPLAN. In this situation, the performance information for an animal will only be compared with the “selection” that has been recorded. If this “selection” is not an accurate reflection of the entire contemporary group, then BREEDPLAN can not make adequate comparisons and the EBVs produced may be

biased or misleading.

The table below provides an illustration of the problems caused by selective recording.

Animal	200 Day Wt (1)	200 Day Wt (2)
A1	255	255
A2	238	238
A3	261	261
A4	205	X
A5	187	X
A6	265	265
A7	237	237
A8	195	X
A9	258	258
A10	228	X
Average	233 kg	252 kg

The problem caused by selective recording is demonstrated if we consider animal A7. In the first scenario, all 10 calves in the contemporary group have been recorded and A7 is 4 kg heavier than the average of the group (237 kg versus 233 kg). This is an accurate reflection of how this animal ranks compared to his peers.

However, in the second scenario, the weights for the lightest 4 calves have not been recorded. A7 is now 15 kg lighter than the “average” of the group (237 kg versus 252 kg).

The selective recording of this group has resulted in the performance of A7 being compared against a misleading average. As BREEDPLAN can only calculate EBVs based on the information that has been recorded, the subsequent EBVs that are calculated from this performance will also be misleading (ie. biased).

Solutions

- Adopt a whole herd recording strategy.
- Record all calves with your Breed Society/Association
- Always record performance for all calves in a contemporary group and submit this performance to BREEDPLAN.
- Record performance on all available animals (ie. heifers, bulls & steers, rather than just bulls).

Problem 9 – Over Management Grouping

As identified in “Problem 6”, one common problem encountered is the separation of calves into isolated contemporary groups of only one or two animals (thereby virtually eliminating those calves from any comparison with their peers). While this is a problem in itself when calves are managed in small groups, issues can also arise when calves are part of a large contemporary group but their performance is analysed in small contemporary groups by BREEDPLAN.

The common cause of this problem is the submission of many different management groups – even though calves are being run as part of the one large contemporary group.

Solutions

- Understand the criteria that automatically form contemporary groups in BREEDPLAN (eg. herd, calving year, sex)
- Only submit management groups for non-genetic factors (eg. sick animals, animals run under different conditions).

Problem 10 - Inadequate Management Grouping

BREEDPLAN analyses cattle in contemporary groups to take out the influence of as many of the non-genetic effects as possible (eg. feeding, years, seasons). The underlying principle is that only animals that have had an equal opportunity to perform are directly compared together within each contemporary group.

If the contemporary groups are not correctly formed, the EBVs calculated will be less accurate and possibly misleading. Most of the problems that breeders

encounter in “believing” their BREEDPLAN EBVs can be traced back to incorrect management grouping. Poor management grouping will result in BREEDPLAN not being able to differentiate between calves that have had different levels of management or feeding.

Solutions


- Understand the importance and role of management groups
- Provide management groups for those animals that have been treated differently to their peers and have performed differently due to the non-genetic factors.
- If you are in any doubt, contact staff at BREEDPLAN for advice.



Geen kantoorure, fakse of onnodige oproepe nie.

Landbou
Boer vooruit.

Besikbaar vir Apple en Android-fone
Vir meer inligting, besoek Landbou.com






Johann & Amien Eggers

KALAHARI *Limousinstoet*

Sel: 082 448 7402 | Kantoor: 054 461 2604 | Faks: 054 461 2946

hierbegin@lantic.net

Posbus 430, Keimoes, 6860





Teelseisoene

VIR VLEISBEESTE IN SUIDER-AFRIKA

Leslie Bergh

LNR-Diereproduksie Instituut, Privaatsak X2, Irene, Suid-Afrika 0062

Tel. +27 (0) 12 672 9145, Sel +27 (0) 82 801 2026, E-pos: leslie@arc.agric.za

Inleiding

Optimale reprodktiewe prestasie is van kardinale belang vir die sukses van 'n vleisbeesonderneming. Reprodktiewe prestasie word hoofsaaklik beïnvloed deur:

- Voedingstatus;
- Genetiese meriete;
- Gesondheidstatus (veral geslagsiektes); en
- Telingsbestuur.

Teelseisoenbestuur is 'n baie belangrike instrument om die reprodktiewe prestasie van 'n teelkudde asook die voorspeen groeitempo van kalwers te optimaliseer. Teelseisoen (en kalfseisoen) bestuur is dus een van die

belangrikste bestuursbesluite wat die winsmarge van 'n vleisbeesonderneming beïnvloed.

Die doel met teelseisoenbestuur

Die doel van 'n teelseisoen is om die maksimum aantal vroulike diere in 'n relatief kort tydperk dragtig te kry, so koste-effektief as moontlik, vir kalwing tydens 'n tydperk wat die gunstigste is vir:

- Herkonsepsie van die koeie;
- Kalf oorlewing; en
- Voorspeen groei van die kalwers.

Die belangrikste faktor wat die ideale teelseisoen bepaal, is voeding.

Beste teelseisoen

Die beste teelseisoen is een wat optimaal gebruik maak van die goedkoopste bron van hoë gehalte voer, naamlik somerweiding.

Die belangrikste gevolge van 'n teel- (en kalf) seisoen wat te laat begin, is:

- Kalwers word te laat gebore en is te klein om hulle moeders se hoë melkproduksie tydens die piek somerweiding te benut. Dit lei tot laer speengewigte.
- Kalwers word later in die somerseisoen gebore en, as gevolg van die hoër voedingsvlakke van die koeie op daardie stadium, lei dit tot hoër geboortegewigte en gevolglik 'n hoër voorkoms van moeilike kalwings.

Die belangrikste gevolg van 'n teel- (en kalf) seisoen wat te vroeg begin, is dat die koeie te vroeg kalf, d.w.s. te lank voordat daar voldoende somerweiding beskikbaar is. Die gevolg is 'n groot verlies aan kondisie en gevolglik 'n laer herkonsepsie persentasie.

Die ideale kalftyd is ongeveer 6 – 8 weke voor voldoende groen weiding verwag kan word.

Nadele van deur-die-jaar teling

Die nadele van deur-die-jaar teling sal duidelik word wanneer die voordele van teelseisoene later bespreek word. Die belangrikste nadele van deur-die-jaar teling en -kalwing is:

- Die ondoeltreffende gebruik van die somerweidings en die groter behoefte aan duur winteraanvullings;
- Dit is moeilik om doeltreffend te selekteer vir vrugbaarheid;
- Roetine bestuurspraktyke kan nie gekonsolideer word nie;
- Dit bemoeilik voervloei beplanning;
- Prestasietoetsing en bemarking kan nie doeltreffend gedoen word nie; en
- Hoër koste vir dragtigheidsstoetse, ensovoorts as gevolg van meer besoeke deur die veearts.

Voordele van teelseisoene

Die voordele van teelseisoene is:

- Die optimale benutting van die piek produksietydperk van die natuurlike weiveld:
 - o Die beste kampe kan toegeken word aan die teelkudde, wat tot gevolg het dat die koeie in 'n beter kondisie sal wees en 'n hoër konsepsie persentasie sal gee;
 - o Koeie en verse kan gepaar word in 'n optimale kondisie en gewig, wat 'n hoër konsepsie persentasie sal gee;
 - o Die tydperk waartydens die voedingsbehoefte van die koeie 'n piek bereik (6 – 14 weke na kalwing), val saam met die piekproduksie van die natuurlike weiding, wat lei tot koeie wat hul kondisie kan handhaaf en gevolglik lei tot 'n hoër konsepsie persentasie en, tweedens, kalwers met hoër speengewigte;en

o Die voorspeen groeitydperk van die kalwers val saam met die piekproduksie van die natuurlike weiding wat hoër speengewigte sal verseker.

- Die tydperk waartydens die voedingsbehoefte van die koeie 'n laagtepunt bereik (nadat die kalwers gespeen is) val saam met die tydperk van lae produksie van die natuurlike weiding (gedurende die winter). Minder aanvulling is dus nodig gedurende die winter;
- Koste-effektiewe strategiese aanvulling van teelkoeie is moontlik;
- Dit vereenvoudig voervloei beplanning;
- Dit vereenvoudig roetine bestuurspraktyke, byvoorbeeld dosering, dragtigheidsondersoeke, kalwing waarneming, identifikasie, inenting, onthoring, kastrasie, weging, speen, ensovoorts. Met enkel-bul paring hoef teelgroepe slegs vir 'n kort tydperk van die jaar apart gehou te word;
- Kalfseisoen(e) kan gekoördineer word met ander boerdery vertakkings en aktiwiteite, byvoorbeeld plant en oes;
- Aandag kan gefokus word op die teelkudde tydens die teel- en kalfseisoen(e);
- Prestasietoetsing kan meer effektief gedoen word, want die kalfgroepe is groter en meer eenvormig wat betref ouderdom variasie;
- Bemarking kan meer effektief wees, want:
 - o Kalfgroepe is groter en meer eenvormig ten opsigte van gewig en ouderdom;
 - o Nie-dragtige koeie kan voor die winter in 'n goeie toestand bemark word;
- Seleksie vir vrugbaarheid is makliker en meer effektief omdat:
 - o Sub- of onvrugbare koeie en verse maklik geïdentifiseer kan word;
 - o Sub- of onvrugbare bulle en/of bulle met swak libido kan maklik geïdentifiseer word;
 - o Nie-dragtige koeie en verse kan vroeg, d.w.s. direk na die dragtigheidsstoetse, uitgeskot word; en
 - o Koeie wat laat in die seisoen gaan kalf (en die grootste risiko het om die volgende jaar nie dragtig te word nie) kan geïdentifiseer word.

Nadele van teelseisoene

Daar is slegs 'n paar nadele verbonde aan teelseisoene:

- Meer bulle word benodig as vir deur-die-jaar teling;
- Die bulle moet in afsonderlike kampe, weg van die koeie, gehou word tydens die nie-teel tydperk van die jaar; en
- Die speenkalwers vir bemarking is nie deur die loop van die jaar versprei nie


(vervolg op bl34)

La Rhone Bulls...



LA RHONE JACOBMEESTER
Roelof van der Walt

SOLD



LA RHONE LEONARD
Jacob van der Walt

SOLD



LA RHONE JACKHIRE
Roelof van der Walt

SOLD



LA RHONE JAZZMAN
Jacob van der Walt

SOLD



LA RHONE JOSIE LE
Roelof van der Walt

SOLD



LA RHONE LAMPUNG
Roelof van der Walt

SOLD



LA RHONE IMPERON
Roelof van der Walt

SOLD



LA RHONE MERTENS
Jacob van der Walt

SOLD



LA RHONE TET
Roelof van der Walt

SOLD



LA RHONE HENRIE
Roelof van der Walt

SOLD



LA RHONE HARRY POTTER
Roelof van der Walt

SOLD



LA RHONE HUSBY
Roelof van der Walt

SOLD



LA RHONE BOEH
Roelof van der Walt

SOLD



LA RHONE GLEN GARRY
Roelof van der Walt

SOLD



LA RHONE GHOST
Roelof van der Walt

SOLD



LA RHONE GENERAL
Roelof van der Walt

SOLD



LA RHONE FOX
Roelof van der Walt




SOLD



LA RHONE HANT
Roelof van der Walt

SOLD

...beefing up Southern Africa



Let wel: Die volgende riglyne en aanbevelings is van toepassing op 'n somerreënvalgebied en moet dienooreenkomstig aangepas word vir 'n winterreënvalgebied.

Watter tyd van die jaar?

Die primêre beginsel is om 'n tyd van die jaar te kies wanneer die koeie in optimale kondisie vir teling is. Hierdie tyd is gewoonlik sowat drie maande na die maand van die hoogste reënval. Vir 'n somerteelseisoen word die beste herbesetting verkry indien koeie ongeveer een maand voor tot sowat 'n maand na die eerste effektiewe reën geval het kalf. (As die eerste effektiewe reën byvoorbeeld in 'n spesifieke area gewoonlik in Oktober val, moet koeie van September tot November kalf. Dit impliseer dat die teelseisoen vanaf 15 November tot 15 Februarie moet wees).

Indien geen teelseisoene bestaan op 'n sekere plaas nie, kan die huidige kalwingspatroon van die kudde gebruik word as 'n riglyn. Bepaal in watter drie agtereenvolgende maande die meeste kalwers gebore word en gebruik dit om die optimum tyd vas te stel vir 'n teelseisoen.

In die algemeen behoort teelseisoene in droër streke (waar die reën gewoonlik later in die seisoen begin) later te wees as in die natter streke (waar die reën gewoonlik vroeg in die seisoen begin). Tabel 1 gee 'n riglyn in hierdie verband.

Tabel 1: Tyd van die jaar riglyne vir 'n drie-maande somerteelseisoen vir 'n paar streke in Suid-Afrika

Streek	Teelseisoen	Kalfseisoen
Oostelike Hoëveld	Nov – Jan	Aug – Okt
Westelike Hoëveld	Des – Feb	Sept – Nov
Hoë reënval Bosveld	Jan – Mar	Okt – Des
Lae reënval Bosveld	Feb – Apr	Nov – Jan

Die beskikbaarheid van aangeplante weidings, oesreste, kuilvoer, ensovoorts en sinchronisasie met ander plaasaktiwiteite (bv. plant- en oestye) moet ook in ag geneem word wanneer besluit word oor die spesifieke teeltydperk.

Een of twee teelseisoene?

Die belangrikste voordele van twee teelseisoene per jaar is:

- Bulle kan meer effektief aangewend word;
- Koeie wat oorslaan en wat nie uitgeskot word nie, kan gouer weer gepaar word – hulle sal dus slegs ses maande oorslaan en nie 'n volle jaar nie;
- Dit fasiliteer die paring van verse op 18-maande ouderdom teenoor die normale 24-maande ouderdom;

Die belangrikste nadele van twee teelseisoene per jaar is:

- Die versoeking om koeie wat oorgeslaan het nie uit te skot nie, aangesien hulle binne ses maande weer

geteel kan word. Hierdie praktyk sal lei tot 'n laer reproduksietempo;

- Kontemporêre groepe sal kleiner wees omdat die jaarlikse kalwer-oes versprei is oor 'n tydperk van twee seisoene; en
- Dit vereis hoër bestuursinsette omdat al die roetine bestuurspraktyke twee keer per jaar gedoen moet word.

'n Winterteelseisoen moet slegs oorweeg word indien:

- Voldoende voer van 'n hoë gehalte (bv. oesreste) teen 'n lae koste beskikbaar is gedurende die winter; en/of
- Verse op 'n vroeër ouderdom (18-maande) gepaar moet word omdat hulle te vet raak op 24-maande ouderdom.

Voordele van 'n somerteelseisoen

Behalwe vir teling van verse op 18-maande ouderdom (in die winter), is 'n somerteelseisoen gewoonlik beter as 'n winterteelseisoen, omdat:

- Koeie gewoonlik in 'n goeie kondisie is in die middel van die somer, wat hoë 'n konsepsie persentasie gee;
- Die tydperk waartydens die voedingsbehoefte van die koeie 'n piek bereik val saam met die piek produksietydperk van die natuurlike weidings (gedurende die somer), wat lei tot hoër speengewigte, en
- Die tydperk waartydens die voedingsbehoefte van die koeie 'n laagtepunt bereik (na speen) val saam met die lae produksie van natuurlike weiding (gedurende die winter), sodat minder aanvullings nodig is gedurende die winter.

Nadele van 'n somerteelseisoen

- Die interne- en eksterne parasietlading is hoog tydens die voorspeen fase van die kalwers, wat moontlik tot laer speengewigte kan lei indien hulle nie gedoseer en/of gedip word nie;
- Die groeitempo gedurende die tydperk direk na speen (in die winter) is laag; en
- Somerdroogtes kan lei tot 'n laer konsepsie persentasie as gevolg van die swak toestand van die koeie in die teelseisoen.

Voordele van 'n winterteelseisoen

- Oortollige oesreste en hooi kan optimaal benut word;
- Die parasietlading is laer tydens die voorspeen fase van kalwers, wat moontlik tot hoër speengewigte kan lei;
- Die groeitempo gedurende die tydperk direk na speen (gedurende die somer) is hoog; en
- Kalwers word gespeen in die somer (ongeveer Desember) wanneer die speenkalfprys gewoonlik hoër is as in die wintermaande.

Nadele van die winterteelseisoen

- Die koeie is gewoonlik in 'n swak toestand tydens teling, wat waarskynlik 'n laer konsepsiepersentasie tot gevolg sal hê;
- Die tydperk waartydens die voedingsbehoefte van die koeie 'n piek bereik val nie saam met die piek produksietydperk (gedurende die somer) van die natuurlike weiveld nie; en
- Die tydperk waartydens die voedingsbehoefte van die koeie 'n laagtepunt bereik (na speen) val nie saam met die lae produksie van natuurlike weiding (gedurende die winter) nie, en dus sal meer aanvulling nodig wees vir die koeie om 'n goeie kondisie te behou.

Hoe lank?

'n Teelseisoen behoort nie langer as 90-dae te wees nie. In ag genome dat die gemiddelde dragtigheidsperiode van beeste ongeveer 285-dae is, moet 'n koei binne 80 dae na kalwing weer dragtig raak om op dieselfde tyd die volgende jaar te kan kalf [365-285 (dragtigheid) = 80 dae]. Dus is 'n teelseisoen van 75-80 dae beter as 90-dae. Die ideaal is 'n 65-dae (3 oestrus siklusse) teelseisoen vir lakterende koeie en 45-dae (2 siklusse) vir verse en droë koeie. Om 'n hoë besettingspersentasie in 'n kort teelseisoen te behaal, moet aspekte soos die voedingstatus en kondisie van die koeie op 'n optimum vlak wees.

Hoe om te begin met 'n teelseisoen

Daar is vier stappe in die besluitnemingsproses wat gevolg moet word, naamlik:

- 1ste stap: Besluit op een of twee teelseisoene per jaar;
- 2de stap: Besluit op die beste periode(s) gedurende die jaar;
- 3de stap: Besluit op die implementeringstrategie, naamlik geleidelik of onmiddellik; en
- 4de stap: Besluit oor die implementeringsproses.

Vir onmiddellike implementering, word die volgende aanbeveel:

- Verwyder alle bulle uit die teelkudde aan die einde van die beplande somerteelseisoen;
- Doen dragtigheidsstoetse op alle koeie en verse 2 – 3 maande nadat die bulle verwyder is;
- Skot alle nie-dragtige koeie en verse uit, OF plaas hierdie diere oor na 'n winterteelseisoen;
- Indien die nie-dragtige koeie en verse oorgeplaas word na 'n winterteelseisoen, doen weer dragtigheidsstoetse en skot alle nie-dragtige diere uit. Plaas die dragtige diere oor na die somerteelseisoen OF gaan voort met die winterteelseisoen.

Vir geleidelike implementering, word dit aanbeveel om te begin met 'n lang seisoen en dit elke jaar te verkort met ongeveer 1 – 2 weke, totdat die verlangde teeltydperk bereik word. Die teelseisoen moet verkort

word deur die begindatum vorentoe te skuif (nie die einddatum terug nie). Gestel die uiteindelige teelseisoen moet van 15 Des – 28 Feb (2 ½ maande) wees, dan kan daar byvoorbeeld met 'n vier maande teelseisoen begin word en dit as volg verkort word:

- 1ste jaar: 1 Nov – 28 Feb (4 maande);
- 2de jaar: 15 Nov – 28 Feb (3 ½ maande);
- 3de jaar: 1 Des – 28 Feb (3 maande); en
- 4de jaar: 15 Des – 28 Feb (2 ½ maande)

Die volgende proses word aanbeveel:

- Verwyder alle bulle uit die teelkudde aan die einde van die beplande somerteelseisoen;
- Doen dragtigheidsstoetse op alle koeie en verse 2 – 3 maande nadat die bulle verwyder is; en
- Skot alle nie-dragtige koeie en verse uit.

Teelseisoene vir verse

Die bestuur van verse en eerstekalf-koeie is 'n baie kritieke aspek om 'n hoë konsepsiepersentasie in 'n kudde te behaal. Die rede hiervoor is dat hierdie diere steeds moet groei terwyl hulle dragtig is en daarna 'n kalf soog. Om hulle in staat te stel om dit te kan doen en weer dragtig te word, het hulle voldoende hoeveelhede hoë gehalte voer nodig.

Gewig, kondisie en groeitempo is die primêre aanwysers om te besluit wanneer verse gepaar kan word. Hierdie faktore is baie meer belangrik as die ouderdom van die verse. Die ideaal is om verse te paar so gou as moontlik nadat hulle seksuele volwassenheid bereik het. Seksuele volwassenheid word gewoonlik bereik wanneer 'n vers ongeveer 60 – 65% van haar verwagte volwasse gewig bereik. Vir mediumraam koeie met 'n gemiddelde volwasse gewig van 500kg is die teikengewig van verse vir paring dus ongeveer 300 – 325kg. Die teikengewig aan die einde van die somer seisoen (vir 'n somerteelseisoen) is ongeveer 85% van die verwagte volwasse gewig.

As die verse te swaar en/of te vet word om op 24-maande ouderdom gepaar te word, kan daar oorweeg word om hulle op ongeveer 18-maande ouderdom tydens 'n tweede (winter) teelseisoen te paar. Hierdie opsie sal egter nog meer druk plaas op hierdie jong verse en moet slegs oorweeg word indien voldoende goeie kwaliteit weiding en/of oesreste, hooi of kuilvoer beskikbaar is vir die verse gedurende die winter wat volg na kalwing. Onvoldoende voedingstowwe gedurende hierdie tydperk sal beslis 'n laer herkonsepsiepersentasie tot gevolg hê.

Die vraag is altyd wat om te doen met die eerstekalf-koeie wat gekalf het gedurende die winter op 'n ouderdom van ongeveer 2 ½ jaar. Daar is twee opsies, naamlik:

- Skuif hulle na die hoof teelseisoen deur 'n ekstra ses maande te wag voordat hulle weer gepaar word. Dit gee hulle ekstra tyd om te herstel voor die volgende teelseisoen, wat 'n hoër herkonsepsie persentasie sal verseker, OF

- Paar hulle dadelik om weer te kalf gedurende die winter op ongeveer 3½ jaar ouderdom. Hierdie praktyk sal uiteindelik lei tot twee volle teelseisoene.

Nog 'n praktyk om te oorweeg is om die teelseisoen van die verse 4–6 weke voor die koeie se teelseisoen te begin. Dit gee hulle ook 'n langer tydperk om te herstel voor die volgende teelseisoen, wat 'n hoër herkonsepsie persentasie sal verseker. Dit is ook raadsaam om 'n hoër persentasie bulle te gebruik wanneer verse gepaar word, veral gedurende die eerste 21-dae van die teelseisoen. Oorweeg ook om 'n koggelbul by die verse te sit nege dae voor die regte bul bygesit word. Die koggelbul sal die verse stimuleer om te ovuleer.

Die teelseisoen van verse moet verkieslik 45–65 dae wees om hoër seleksiedruk te plaas op vrugbaarheid. Hoër seleksiedruk kan ook toegepas word deur die praktyk van oorparing. Hierdie praktyk impliseer dat tot 50% meer verse as wat nodig is vir vervanging gepaar word, wat dit moontlik maak om slegs dragtige verse in die kudde op te neem.

KI en teelseisoene

Daar is drie algemene praktyke vir die bestuur van KI in teelseisoene, naamlik:

- Die eerste opsie is om vir die eerste derde van die teelseisoen te KI, en dan opvolgbulle by te sit vir die laaste twee-derdes van die teelseisoen. Met hierdie praktyk is die teiken om minstens 60% koeie dragtig te kry van KI.
- Die tweede opsie is om die koeie en/of verse te sinchroniseer en te KI vir een estrussiklus en dan opvolgbulle by te sit.
- Die derde opsie is om slegs KI te doen. Dit is die hoogste risiko praktyk van die drie en moet slegs oorweeg word indien die voeding, bestuur en KI praktyke op 'n baie hoë vlak is.

Bul/koei verhouding riglyne

Belangrike faktore om te oorweeg wanneer besluit word oor die bul/vroulike diere verhouding is:

- Die libido van die bul wat gebruik gaan word;
- Die ouderdom en ervaring van die bul(le), en
- Die omgewingstoestande gedurende die teelseisoen, byvoorbeeld die grootte van die kamp, sigbaarheid, fisiese obstruksies, swak weiding, lang afstande na die water, droë en warm weer, ensovoorts.

Die volgende is algemene riglyne vir verskillende bul ouderdomme, maar moet aangepas word met inagneming van die bogenoemde faktore.

- 2 jaar oud bulle: 20 – 25 koeie
- 3 jaar oud bulle: 25 – 30 koeie
- 4+ jaar oud bulle: 30 – 40 koeie.

Enkel- versus multi-bul parings

Met enkelbul parings (een bul by 'n groep van koeie/verse) is die risiko van 'n laer konsepsiepersentasie veel hoër as gevolg van 'n bul wat onvrugbaar mag wees of 'n swak libido het. Multi-bul parings ('n paar bulle saam met 'n groep koeie/verse) kan tot 'n mate vergoed vir individuele bulle wat onvrugbaar is of 'n swak libido het en sodoende die risiko verlaag. Indien die dominante bul egter onvrugbaar of laag-vrugbaar is, sal hy die meeste van die koeie dek en kan dit steeds lei tot 'n lae konsepsiepersentasie. Laag-vrugbare bulle met goeie libido kan ook lei tot 'n lae konsepsiepersentasie weens uitputting van hierdie bulle se semen voorraad.

Waar multi-bul parings gedoen word, is dit belangrik om gebruik te maak van bulle wat die minste geneig is om te baklei om sodoende te verseker dat kosbare tyd en energie nie vermors word nie en ook om beserings van die bulle te beperk. Plaas byvoorbeeld twee jonger bulle saam met 'n ouer (dominante) bul. Sekere ondergeskikte bulle sal ook verdra word deur dominante bulle.

Nota:

Die bepaling van ouerskap (veral by stoetkuddes) is 'n belangrike faktor om te oorweeg wanneer opvolgbulle direk na KI bygesit word, asook waar multi-bul groepe gebruik word.

Verwante aspekte om in ag te neem

Ander aspekte wat nie direk verband hou met teelseisoene nie, maar wat oorweeg moet word in die strewe na hoë bevrugtingpersentasies, is:

- Kondisietelling van koeie om hul teiken kondisie te monitor (op 'n 1 – 5 kondisie telling – 1 = brandmaer, 5 = oorvet):
 - o 2,5 – 3,0 by paring
 - o 3,5 in die middel van dragtigheid
 - o 3,0 by kalwing;
- Teelgeskiktheid ondersoek (fisiese en semen) van die bulle voor die teelseisoen begin;
- Diergedrag monitering tydens die teelseisoen;
- Dragtigheidsondersoeke van koeie;
- Post-partum anoestrus; en
- Behoorlik rekordhouding van alle reproduksie gebeure en aktiwiteite.

KOM DEEL ONS PASSIE MET DIE BEESTE
NUWE PLANNE MET TOP GENETIKA
TOP KRUISKALWERS MET GOEIE
GENETIKA LIMOUSIN BULLE



CLAASSEN FAMILIE TRUST
STANDERTON

ANNARI 083 256 7957 • JOHAN 083 271 5528
E-POS: annari@cway.co.za



Teel meer vleis!

Albè Blay

Kommersiële Beesboer van die Vrystaat, 082 557 0435, albe@bmfs.co.za

Die Indiane in Amerika het 'n spreekwoord wat sê
“Ons leen die aarde by ons kinders”.

Elke beesras het 'n plekkie onder die son! Hoekom sou die rasse dan so anders ontwikkel, ons streef tog daarna om al die beste eienskappe en gene in een pakkie te teel!? Die afgelope 50 jaar is daar drastiese vooruitgang gemaak in die genetika en “doelwitteling”. Met hierdie “inmenging” in die oer-ontwikkeling moet ons net nooit ons doelwit vergeet nie, en ook nie die genetiese oorsprong nie. Kyk net die wye verskil tussen die *Bos taurus* en die *Bos indicus*, sou jy kyk na die oorsprong, habitat, weer ens. Raak dit nie so duidelik soos daglig hoekom dit so is nie?

Die groen tannies en “the powers that be” wil vir ons vertel ons maak die aardbol dood met ons beeste (nie so eenvoudig nie dis bietjie meer kompleks en 'n argument vir 'n ander dag). Wat wel 'n feit is, is dat

ons iets radikaal sal moet doen as ons en ons kinders gaan oorleef. Die goeie nuus is, ons is al 'n tree of tien weg op die eindelose pad van verbetering en teling. In die toekoms sal ons meer monde moet voed met baie minder hulpbronne.

Ek is nie 'n goeie versboer nie, ek het nie die gerief van hektare beskikbare weiding nie. 'n Groot deel van my koeikudde is “Kgomo”, sommer 'n deurmekaar spul! Wanneer die Vrystaat se winter hard raak en die manne se ribbebeenkoeie wil vrek sal jy my op die veiling kry. Baie van die koeie is sigbaar-dragtig, net volbek, nie slyt koeie nie, die kos was net klaar. Wat lekker is, jy kan kies wat jy wil hou en watter wil jy vetmaak. Ons Suid-Afrikaners is mos passievol vir wat ons lief is, so dat dit jou partymaal blind maak vir hoe goed daardie ander



Moeder



Moeder



Dogter



Dogter

span se speler eintlik is. Bang om 'n "joiner", verraaiers en 'n "hans kaki" genoem te word dink ons baie gereeld met die hart en nie die kop nie. So wen my kop my hart wanneer daar 'n winskoop en sigbaar-dragtige koei vir 'n appel en 'n ui gekoop kan word, die gevolg is daar is 'n paar hard-op-die-oog-goed tussen die koeie.

Preek in praktyk, word die koeie wat gehou word na kalwing, mee terminale-lynkruisings gedoen. Dis Ludwig, my Limousinbul se werk, moes nog nie 'n dag met hom praat nie! Altyd stiptelik op die "job". Die kalf dan skoon pa, skoon ma of helfte van beide. Die koeie gehard, lig op die sak en veld kom dan tot hul reg. Die gevolg is baie hoër speengewigte en baie groter karkasse.

Die ideaal sou wees om weer die goeie verse te selekteer, maar ek het nie die weelde om dit te doen nie. Hulle word almal gevoer. Die betrokke groep verskalwers het met gemak gevoer tot swaar karkasse, sonder graderings-moeilikhede en het gemiddeld 30kg swaarder as my rooi verse geslag. Teen R32/kg het dit vir ons 'n ekstra R960 per karkas in die sak gebring. Op 'n groep van agtien is dit twee ekstra karkasse van 270kg ekstra! Verniet, want jy het klaar die bul gekoop! Die hardkoppige ding wat 'n bankrekening is. Jy wil altyd nog uitgee dan werk hy

lankal nie saam nie, sou jy dan met die bankbestuurder moet gaan praat voor jy daardie Limousinbul koop, doen maar die moeite, jy sal jou geld honderdmaal terug kry!

As ek 'n laaste gedagte by jou kan los, onthou asseblief die gelykenis van die diensknegte en goue muntstukke. Of jy 'n stoetboer, 'n kommersiële boer of wat jou betrokkeheid mag wees, gebruik en laat werk jou deel 150%. Nie vir meer vleis vir die kleinkinders nie, maar dat hulle dit kan bekostig, betaal wat vir jou geleen is.





**HENBASE
LIMOSINS**

Johann Claassen

084 479 3486

claassenj@mweb.co.za

Willie Britz

082 807 9275



HBE 0929 Intensas Inr Kamp Kool Ermelo 2012



HBE 1033 Opperste vleesbees Ermelo 2012



HBE 0929 Inr en Groot Kamp Pretoria 2012



HBE 0910 Opperste vleesbees Ermelo 2011



DK 0646 Sny en Groot Kamp Pretoria 2011



LB 0717 Sny en Groot Kamp Ermelo 2011

VEILING 11:00 te plaas Vaalkop, Morgenzon
18 September 2013

www.henbase.co.za